

**Skriflesing:** Lukas 1:35-45; 1 Korintiërs 2: 1-10

Teks: **Lukas 1:41-43**

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 92:1,2**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 146:4,6,7; Ps. 19:5,6; Ps. 138:1,3; Ps. 72:2,6**

**Lukas 1:35-45**

**Luk 1:35** Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.

**Luk 1:36** Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand.

**Luk 1:37** Niks is vir God onmoontlik nie."

**Luk 1:38** Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan.

**Luk 1:39** Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die bergstreek van Judea gegaan.

**Luk 1:40** Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir Elisabet gegroet.

**Luk 1:41** Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul

**Luk 1:42** en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!

**Luk 1:43** Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?

**Luk 1:44** Kyk, net toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my van vreugde beweeg.

**Luk 1:45** Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!"

**1 Korintiërs 2: 1-10**

**1Co 2:1** Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie.

**1Co 2:2** Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.

**1Co 2:3** Bewus van my swaakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom.

**1Co 2:4** Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees.

**1Co 2:5** Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.

**1Co 2:6** Tog is wat ons verkondig wysheid, maar net vir dié wat daarvoor ryp is, en dan 'n wysheid wat nie van hierdie wêreld is of van die heersers van hierdie wêreld nie. Hulle is buitendien aan die ondergaan.

**1Co 2:7** Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid.

**1Co 2:8** Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie.

**1Co 2:9** Maar soos daar geskrywe staan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.

**1Co 2:10** Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.

**Skriflesing:** Lukas 1:35-45; 1 Korintiërs 2: 1-10

Teks: **Lukas 1:41-43**

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 92:1,2**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 146:4,6,7; Ps. 19:5,6; Ps. 138:1,3; Ps. 72:2,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het gister Kersfees gevier en vandag minder as 'n week van nou af is dit die begin van 2022. Mag dit wees dat gister vir u 'n vreugdevolle en ryke Christusfees was. Daar is mooi en uitsonderlike dinge wat in hierdie feestyd geniet kan word.

Verlede Sondag het ons al die val en opstaan rondom Kersfees wou duidelik maak. Die krip van die kind wat moet word 'n rots van struikeling wat ek daarvoor moet val as ek by die diepe en

ware betekenis van Kersfees wil uitkom. Dinge gebeur nie sommer net in ons lewe nie, maar agter elke gebeurtenis moet ek aanvaar daar is sekerlik 'n doel en betekenis hoekom iets gebeur het presies soos dit gebeur het. Vanaf Kersfees 2021 tot Nuwejaar 2022 is daar dinge wat gaan maak dat jy ook moet kan sê daar is 'n geheim wat ontdek moet word. Dis iets wat ek moet ontdek om sinvol Kersfees te kon vier en sinvol 2022 te mag ingaan.

\*\*\*

1 Korintiërs 2:7 sê ook iets hiervan- *7 Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlijkheid* of as ons dit met die ouer vertaling vergelyk- *7 Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid.* Ons hoor duidelik dat daar 'n geheimenis is, 'n verborgenheid wat bedek is. By Kersfees lê daar beslis 'n verborgenheid soos wat 2022 ook vir ons die verborgene lê, ja ons weet nie op die oomblik wat alles in 2022 op ons wag nie! Nou moet ons dadelik hierby opmerk dat as ek my gaan slim hou en eiewys wees, ek het oor Kersfees gehuppel en die nuwejaar is iets wat ek op my eie en met my eie krag en wysheid gaan aanpak, dan sal die skille ongelukkig nie sommer maklik van ons oë afval nie!

\*\*\*

Daarom die vraag hoe kan ek die geheim van Kersfees leer ken maar tegelyk begin ek reeds met die geheim van 2022 ook te werk. Ons moet saamgaan na 'n ou priester se huis. Hy het net buitekant Jerusalem gebly in die bergland van Judea. Ons praat van die ou priester Sagaria en sy vrou wat ons aanvaar hy vir haar baie lief was, Elisabet. Hulle bly in stil huis want daar is nie kinders in daardie huis nie. Al was dit seker vir hulle swaar om sonder kind of geliefde maar net jaarin en jaaruit die lewe in te gaan, lees ons dat God se Woord gee 'n baie mooi getuienis, ja kom ons noem dit hulle attestaat. Hulle attestaat staan in Lukas 1 vers 6- *6 En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooië en regte van die Here onberispelik gewandel.*

As dit u voorneme vir 2022 is dan is dit regtig iets mooi wat jy jouself toewens. Tegelyk lees ons dat hierdie man en vrou was twee biddende mense- ja Sagaria was 'n getroue dienaar van die Here. Ons lees hoe dit sy beurt was om die priesteramp voor God te bedien, hy het nie daarvoor moeg geword nie. Soms voel dit mos asof mens vir die amp en dit wat dienswerk voor die Here is, kan moeg word, maar nie Sagaria nie. Om aan te hou met wat God van hom verwag sou hy

nie kon aanhou as hy nie ook 'n biddende priester was nie. Ja, die lot val op hom, iets van dit het al baie gebeur, nou gebeur dit maar weer. Ons lees vers 9 en 10 iets van die gewone priesterlike lewe in daardie tyd- *die lot (het) volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand. 10 En die hele menigte van die volk was buite, besig om te bid op die uur van die reukoffer.* Dit is iets van die sleur van die priesterlike lewe, dalk voel u na Kersfees vandag, ai die sleur van Kersfees het maar weer oor ons gekom, dis verby, nou moet ons maar net nog weer aangaan! Is dit dalk hoe baie van ons dalk vandag ook mag voel, op die vooraand van 2022?!

\*\*\*

By Sagaria en Elisabet kon hulle nie eers praat van die leënessindroom nie, want nooit het hierdie twee die voorreg gehad om 'n kindjie vas te hou nie. Dit waarna Elisabet met haar hele wese na verlang het, was haar nooit geskenk nie. Net om ma te wees, niks is vir haar belangriker as sy maar net dit kon wees nie. Sy en haar man het dit sekerlik nog swaarder gehad want hulle kultuur het ander laat glo dat kinderloosheid is 'n oordeel van God. So een het nie 'n nageslag nie, ja het die Israeliete gesê so 'n mens sonder nageslag sal nooit die vreugde kan beleef as die Messias kom nie.

\*\*\*

Dan sien ons hoe die sleur in Sagaria se lewe in vers 11 in 'n oomblik se tyd kan omdraai. Lukas 1... Vv 11-13 is van die mees ingrypende dinge wat in die ouman se lewe kon gebeur ... *11 Toe verskyn daar aan hom 'n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan. 12 En toe Sagaria hom sien, was hy ontsteld, en vrees het hom oorval. 13 Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem.* In die gewone gang van die lewe gebeur daar heeltemal die ongewone. God stuur nie 'n mens om hierdie goeie nuus aan Sagaria oor te dra nie, want dit wat gaan gebeur en gesê word kon nie net in mensehande oorgelaat word nie. Aan die regterkant van die altaar staan die engel wat Sagaria aanvanklik baie benoud en bang gemaak het.

Die boodskap is verby dit wat Sagaria se grootste verwagting in sy lewe nog ooit kon wees. Daar gaan in hulle huis 'n kindjie kom, ja 'n gewone kindjie, mens soos ons, maar hierdie kindjie se koms dien 'n baie bepaalde doel. Hy is die kindjie, vóór die Kindjie oor Wie Kersfees gister

moes gehandel het. As my dag gister nie gevul was met die koms van hierdie Kind van God nie, dan het ek al klaar 'n groot deel van die geheim van die lewe gemis. Dan sal ek van die koms van dié kind vóór die koms van die ander Kind min begryp. Dis alreeds iets van die geheim wat net vir sekeres openbaar sal word.

\*\*\*

Om by die geheim van die lewe uit te kom is om nie lank by Sagaria te vertoef nie, maar om na sy vrou oor te beweeg. Dan gaan dit om meer as die geheim van die lewe wat in die liggaam van sy vrou aan die gebeur was. Dit is alreeds so 'n groot geheim wat Sagaria aanvanklik nie kon glo nie. Sy straf was sy stywe tong, want wie nie wil glo nie, moet nie wil praat nie. Nog minder sal so een kan profeteer oor wat werklik aan die gang is. Oor die geheim sou hy moes stilbly. Daar sit dalk ook iets van 'n ironie in Sagaria se sprakeloosheid wat sekerlik 'n hele klompie maande aangehou het. As ek nie die geheim van die lewe kan en wil glo nie, is dit beter om sprakeloos te wees as om my daarvoor slim te wil hou.

\*\*\*

Dit is belangrik om raak te sien Elisabet was aanvanklik ook baie stil al was daar niks met haar tong verkeerd nie. Oor die groot geheime van die lewe is dit partykeer beter om eers daarvoor stil te wees as om te vroeg te veel te wil sê! Elisabet het haar aanvanklik vir vyf maande afgesonder. Nie met vriende, met bure of enigiemand gepraat oor wat in haar aan die gang is nie. Amper 'n halwe jaar lank stilgebly.

En ons besef vandag, hierdie 5 stil maande was God se manier om vir haar iets van die geheim van Kersfees stukkie vir stukkie oop te maak. In Elisabet se stil wees lê iets van die geheim van 2022 ook vir ons opgesluit. Daar is te veel dinge wat kan gebeur as om nou te veel daarvoor te wil sê! Die werklik geheim kom na vore toe twee vroue, ja toe hierdie twee niggies bymekaar uitgekome het. Tussen die twee vroue word Kersfees bespreek, ja tussen hulle twee moet ook vir jou en my die geheim van 2022 opgesluit lê. Dan is dit so aangrypend toe Elisabet in haar swangerskap begin uitpraat, toe praat sy nie met enigiemand nie, maar met haar niggie, die ma wat Jesus die mensewêreld sou moes indra. Elisabet praat groot dinge, sy bespreek dit waaroor Kersfees regtig vir ons oor moes gaan, dit waarsonder ek 2022 nie sal kan ingaan nie.

\*\*\*

Maar die grootste geheim is aanvanklik nie dit wat gesê is nie, maar wel dit wat gevoel kon word. Toe Maria die meisie uit Nasaret daar aankom, en sy praat oor haar wonderbare swangerskap waar sy sonder 'n man swanger geword het. Ja sy het swanger geword vanuit die Heilige Gees en die krag van die Allerhoogste het die lewe gewek. Dan het ons nie alleen met 'n geheimenisvolle gebeurtenis te make nie, maar ons het met Hom te make wat op sigself die Geheim van die lewe is. Alleen die Heilige Gees is aan die werk om 'n mens by die Geheim van die lewe, by Jesus Christus uit te bring.

\*\*\*

Daarom dat Elisabet se optrede moet ons nie alleen by Kersfees aangryp nie, maar mag ons die hele jaar van 2022 ook hierdeur aangegryp word. Want is Elisabet se optrede alles behalwe maar gewoon. Die oomblik toe Maria begin praat toe beweeg die kindjie Johannes binne Elisabet. Hoe die ongebore lewe kon beweeg by die naby kom van die geheim van die lewe is beslis nie gewoon nie. En dan raak Elisabet so opgewonde want sy begryp meer as net die wonder van haar eie swangerskap maar dis asof sy in groter vervoering raak nie oor haar swangerskap nie, maar oor die swangerskap van haar niggie wat hier voor haar staan.

\*\*\*

Elisabet is vol van die Heilige Gees as sy dan ook die geheim een na die ander na vore bring. Sy sê vir haar niggie - ons lees sy het dit hard uitgeroep toe haar man se tong nog geen beweging kon maak nie. *Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot! 43 En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?*

Elisabet wat op gevorderde leeftyd swanger is, is bewus van die sterk beweging binne haar en dis asof sy met die kind in haar wat nog nie kan praat nie, maar tog saampraat. Sy is nie in vervoering en verwondering oor die kind in haar nie, maar is sy in heilige verwondering oor die Kind in Maria se skoot. As iemand dit kan regkry dan het jy by die geheim van Kersfees uitgekom. Dan toon iemand insig nie alleen in die geheim van Kersfees nie, maar so een besef 2022 gaan ek ook met hierdie geheim tegemoet kan gaan.

\*\*\*

Die insig wat Elisabet getoon het, kan ons nie mislees nie. Dit lê veral op drie vlakke. Sy besing Maria se kindjie meer as haar eie, want sê sy vir Maria- *Geseënd is jy onder die vroue*

*en geseënd is die vrug van jou moederskoot!* Sonder hierdie seën mag niemand hom/haar 2022 indink nie, want as ek nie by die geheim van Kersfees begin nie, hoe kan ek met 2022 begin? Elisabet het dit ingesien, maar haar insig gaan nog verder ... sy noem Maria wat haar niggie is by 'n baie besondere woordorde - *43 Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?* Die woord *Here*, wat Elisabet so pertinent gebruik is baie baie spesiaal. Sonder Hom mag niemand wees nie, sonder Hom kan ons nie lewe nie, want Hy is die Geheim van die lewe, méér as net die geheim van Kersfees. As Elisabet presies dit sê *waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom*, dan is die woord *Here* in die Grieks die woord – *kurios* ... wat in die Septuaginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament word *kurios* die meeste kere vertaal as God.

Dan raak dit diep en wyd as Elisabet in werklikheid sê – *waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my God na my toe kom*. Sy bely reeds Jesus se goddelikheid, dit wat nie uit haarself kon gebeur nie. Dis alleen die Heilige Gees wat dit kon bewerk! Calvyn sê hier iets so merkwaardig as hy skrywe - en dit bring ons by die grootste van geheime waarmee die geheimenisvolle 2022 gegroet kan word- “Die ongebore Kind in die skoot van Maria is tegelyk die ewige God”.

\*\*\*

As ons Filippense ook hier mag saamlees, die baie besondere Filippense 2:5-11, dan is dit in besonder ook van toepassing op wat ons uit 1 Korintiërs 2 ook gelees het: *Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid*. Dit is presies waarmee Elisabet besig is en sluit presies aan by Filippense 2 as ons lees- *6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word*. Vir die woord gestalte is daar in die Grieks eintlik twee woorde – *morfe of skema*... Paulus kies spesifiek die woord *morfe* ... Hy wat in die *morfe* van God was, waar *skema* gewoon maar gaan oor die uiterlike van 'n saak of gebeurtenis het *morfe* te make met die wese en dis presies wat Elisabet ook verstaan het ...

Sy besef Jesus is nie net 'n Kindjie aan die kom nie, maar Hy is Here, Hy is God na sy Wese, Hy is wesentlik God. Elisabet verkondig inderdaad wysheid van God, Elisabet is besig met 'n verborge waarheid wat bedek was, alles in lyn met 2 Korintiërs. Elisabet tel onder hulle wat Paulus van skrywe as hy sê dinge is vir ons voorbestem van ewigheid af tot ons ewige heerlikheid. Dis die grootste van geheimenisse as Elisabet besef die niggie wat kom kuier is draer van die Kind van God. Sy dra God in haar ... ja sy is die moeder van God. Elisabet kry dit reg om te praat nie net van Here nie, maar my Here, sy kry haarself die Here toegeëien.

Dis groot broeder en suster, as iemand dit kan regkry, dis meer as net die geheim van Kersfees, mag dit jou en my geheim vir 2022 wees om te weet ek gaan die jaar in met *my Here*. Mag u uitgaan van Kersfees en u ingaan in 2022 eintlik in geen spanning met mekaar wees nie. Mag u die gesindheid van Elisabet met u saamdra in die besef ek het soveel om voor dankbaar te wees. Elisabet wat spesifiek haar dankbaarheid uitspraak- *Waarom het ek dit te danke ...*

Al is my man nog stom en die kind in my, skop my, maar dit alles dien een groot doel dat ek my Here moet kan verheerlik. Die kind in my skop want die Heilige Gees werk ook in hom, soos in my. My man sal weer praat, maar dan sal hy meer as net 'n priester wees, hy sal dan profeet wees, meer as net 'n reukoffer brand, hy sal verkondig dit wat werklik hier gebeur het. Die Geheim van die lewe sal ook van sy losgemaakte tong kan kom soos Sagaria se loflied inderdaad dan die langste lied kon word, rondom Kersfees. (Vergelyk gerus hierdie loflied van Sagaria in Luk. 1:67-79). Mag die vreugde wat Elisabet daardie spesifieke dag met Maria se besoek beleef het, u vrede en vreugde wees, ook in 2022, want u het waarlik die geheim van Kersfees u eie kon maak.

AMEN